# Fees Van Die Ongenooides

*P.G. Du Plessis*

Download now

Read Online

# Fees Van Die Ongenooides

*P.G. Du Plessis*

**Fees Van Die Ongenooides** P.G. Du Plessis
Dit is die jaar 1901. Die son het gesak oor 'n verskroeide landskap, en die landskap verwelkom die duister. Die doringdraad en tentrye van die konsentrasiekamp is nog net 'n swart vlek op die vlakte. En aan die rand hiervan gloei 'n tent soos 'n lantern. Diegene wat vanuit die duister na hierdie tent sou staar, sou teen die helder tentdoek die silhoeet sien van 'n man wat oor die klawerbord van 'n klavier buig. Die een wat vanuit die nag sou kyk, sou ook op die kampbed die regop gestalte van 'n sittende vrou kon uitmaak. Diegene wat vanuit die kamp sou luister, hulle wat nie reeds volledig deur die stryd tussen lewe en dood ingeneem is nie, sou dalk agter die onbeholpe klavierspel van die man die vergeefse smagting hoor, agter die wankelende note die stilte wat groter is as enige geluid. Jare later buig majoor Philip Brooks in 'n biblioteek oor 'n vergelende foto. En hy probeer vasstel wat dit is wat hy op daardie foto sien. Hy probeer onthou wat gebeur het. Dit was hy in daardie tent. Die vrou op die bed was die mooiste vrou wat hy nog gesien het. Die klavier het gekom uit haar huis, een van die plaashuise wat sy soldate afgebrand het. Nou probeer hy kyk met die oog van Joey Drew, die skeeloog sukkelaar van Somerset, Engeland, wat die foto's geneem het. Hy kyk na 'n foto van 'n vrou met 'n baba in haar arms. Hy weet wat die pa van die kind nie geweet het toe hy die foto gesien het nie, dat die kind dood was. Dat hy een van die duisende slagoffers van die konsentrasiekampe was. Hy kyk na 'n familiefoto van die Van Wyks, en nog een keer, voordat die vergetelheid so koud soos die graf self oor alle geheue sak, probeer hy deur Joey se foto's die verhaal van die Van Wyks agterhaal.

## Fees Van Die Ongenooides Details

| | | |
|---|---|---|
| Date | : | Published October 2nd 2008 by NB Publishers |
| ISBN | : | 9780624046875 |
| Author | : | P.G. Du Plessis |
| Format | : | Paperback 408 pages |
| Genre | : | Fiction, Historical, Historical Fiction, Southern Africa, South Africa, Cultural, Africa, War |

**Download** Fees Van Die Ongenooides ...pdf

**Read Online** Fees Van Die Ongenooides ...pdf

**Download and Read Free Online Fees Van Die Ongenooides P.G. Du Plessis**

# From Reader Review Fees Van Die Ongenooides for online ebook

## Margitte says

Uitstekende boek! Een van die beste romans wat ooit oor die Anglo-Boere oorlog geskryf is. Dr. P.G. Du Plessis verstaan nie net sy karakters en sy geskiedenis nie, hy verstaan ook sy lesers. Hy bring menslikheid en begrip na die geskiedenis deur sowel die Boere as die Engelse soldate 'n persoonlikheid te gee met 'n nuwe benadering tot hierdie stuk bittere Suid-Afrikaanse geskiedenis as 'n gevolg.

---

## Ruan Viljoen says

Ongelooflik mooi! Baie moeilike onderwerp maar so delikaat verwoord. Mag daar nog vele verhale uit om P.G. se pen kom.

---

## Yolandi Jongh says

Ongelooflik!

---

## Alta Marais-Parr says

It is a very heavy read, but I enjoyed it. A cultural treasure. A little upsetting. What will stay with me forever is how easily one man can ruin another person's (his wife's) life with so much lies and deceit. Even the war with all the tragedie and cruelty seems to fade in the background. However, I do believe that it is a book that the Afrikaner nasie should read.

---

## Johan Roets says

Briljant! Baie insiggewend oor wat gebeur het met gewone mense tydens die Boere oorlog. Laat mens baie dink oor 'hoe anders dinge kon wees'. Toe en nou. En wat oorlog aan mens doen. Redelik skokkend ook ... Not for the faint hearted.

---

## Salomé Kotzé says

Een van die beste boeke wat ek nog gelees het oor die oorlog. Uitstekend!

---

## Hannes says

Een van die beste boeke wat ek gelees het. Goeie karakter-ontwikkeling met 'n duidelike storielyn en as jy

die boek klaar gelees het, dan bly dit in jou gemoed rondhang.

---

## Linda Terblanche says

Dis die tipe boek wat mens twee keer moet lees. Eerste keer om die storie te lees en die tweede keer om elke karakter en woord te analiseer.
Die taal was bietjie "ryk" vir my.
Ek is so ontsteld met die Engelse, ek boikot sommer die 'royal wedding'

---

## Christina Rothfusz says

Dit het my 'n rukkie geneem om te besluit presies wat ek van die boek wou se. Dit het my ook 'n wyle geneem om my hart te laat herstel.

Dis die mooiste Afrikaans wat ek nog gelees het en verseker van die beste oor die oorlog. P.G. ken mens, hy ken sy karakters en weet hom om aan die hartsnare te pluk.

Hy weet ook dat ons almal die uitende van die storie ken. Hy brei nie onnodig uit oor die kampe, die lyding en vernedering nie - ons almal weet daarvan- hy konsentreer op die mense, die regte storie. Die liefdesverhaal tussen Petrus en Nellie. Die aaklige jaloesie van Daantjie teenoor sy pragtige vrou en al die hel waardeur sy gaan. Die totale veragting van Matrie teenoor haar joiner man. Danie se teleurstelling in sy enigste seun, die kind wat die famielie naam moet voortdra. Fienatjie Minter, met die helm gebore en droom altyd die waarheid, al wil almal haar nie glo oor hul eie stories nie.

Dit gaan aan en aan. Soveel karakters, soveel verskillende oogblikke uit die oorlog en tog kom alles saam om 'n verhaal van een familie se tragedie uit die oorlog te vertel.

As jy my ken, weet die boek is wat jy kry vir jou verjaarsdag of kersfees!

---

## Julia Grundling says

Dit was 'n ongelooflike boek gewees en dit het geskuif na my nommer een Afrikaanse boek. Ek het op 'n stadium die boek neergesit, want ek was bang dit gaan klaar wees en ek wou dit net so lank as moontlik uitrek.

Die gebruik van Afrikaans was net absoluut pragtig gewees - die "opgemaakte" woorde. Die storie was fantasties en het dit regtig mooi van altwee kante af beskryf.

Ek was bang vir die einde gewees, maar dit het geensins teleurgestel nie - dit was 'n baie baie goeie einde gewees en ek het tot 'n traantjie gestort. Wat 'n juweel van 'n boek!!

---

## Tania says

P.G. skryf ongelooflik - ek het nog nooit sulke afrikaans gelees nie. Die geskiedenis is interressant en die karakters volrond. My enigste negatief is dat die boek bietjie stadig begin.

---

## Barakiel says

Read this if you like Historical Fiction, are interested in the Anglo-Boer War and if you are a masochist. Masterfully written, but extremely depressing.

---

## Sonja Arlow says

Die boek het my sommer weer van voor af lief gemaak vir my eie taal.

Die Afrikaans is uit die boonste rakke en ‘n absolute moet lees vir enige Suid Afrikaaner.

---

## Hennie la Grange says

PG du Plessis is een van Afrikaans se beste gebruikers. Die fleurige gebruik van die taal in "Ongenooides" is soms lafenis, dog soms ook krapperig. Net soms is die metafore te. Lafenis was welkom in die geworstel met die verhaal. Want maklik is die storie nie. Dit het my langer as gewoonlik gevat om deur die boek te kom: ek het soms vermy om my gelees te hervat. Die gruwel van oorlog, van hierdie oorlog, bowendien op eie bodem, het my langtand laat volhard.

Fienatjie se hemelblou toekomsblik sien nie ver genoeg vorentoe nie. Joey die ooggetuie se kamera kyk nie diep genoeg die waarheid in nie. Brooks se gewete kom te laat om te keer dat hy met Gertruida se klavier aan die marteling meedoen. Die vrede kom nie gou genoeg om Pa Danie se God te red nie. Magrieta se stryd is teen haar eie lyf. Haar oorlog is die pynlikste - nuwe dood. Van Wynand se beste bedoelings kom daar niks: vir hom is dit alkante toe ondraaglik. Net Danie se versoening is die dun straaltjie hoop, vir hom en vir ons wat alewig vredemakend wil inmeng, en daarop kan reken om met oorgawe gehaat te word. Daantjie, wel, Daantjie het sy eie manier om stryd te hanteer, as hy moet, en ook net as hy moet - "moet" skop net in as die skote na sy kant toe klap en sy blink afvryf. Daantjie sorg vir homself. Van almal kom Daantjie die beste daarvan af. Vreemd genoeg dat, teen die tyd dat sy sondes uitkom, is almal om hom dood of al so ver heen dat dit nie meer saakmaak nie.

"Die Fees ..." is toe nie n fees nie. Die titel is ironies bedoel. Dis beslis nie vir sensitiewe lesers nie. Ek het moeilik daaraan gelees. Ek is bly ek het.

---

## Annalie says

Beautifully written and well researched with wonderful, believable and likeable characters. This book gave

me a fresh perspective on South African history. It's a heartbreaking reminder of the futility and cruelty of war.